**'N SOEKER WORD GEVIND** (Luk 19:1-8)

JERIGO – palmstad; mure omgeval in Josua se tyd
- op die pad na Jerusalem; Jesus se laaste reis; vorige gedeelte: blinde
- nuus versprei vinnig; gaan Hom vooruit

SAGGEUS – nuus verneem; nuuskierig
- hooftollenaar; ryk man
- klein, kort
- WIL Jesus graag sien
- Laat hom nie deur mense afsit
- **Word letterlik "soos 'n kindjie" 18:17**

JESUS – kyk op (weet van hom)
- Noem hom op sy naam ("rein, skoon, onskuldig")
- Nooi hom uit om nader kennis te maak
- **Steek die grense oor: "verraaier; sondaar; bedrieër"**
- Steur Hom nie aan wat die mense sal sê

SAGGEUS – neem die uitnodiging onmiddellik met blydskap aan
- Hoe anders? Jesus het HOM tussen al die ander uitgesoek
- Hy = die soeker wat hom deur Jesus LAAT VIND het.

ALMAL was beswaard: Moes homself eers verbeter het (ordentlik)
- **kenmerkende reaksie**: Gebed van Fariseër – 18:11
- dissipels en kinders – 18:15
- mense en blinde – 18:39

SAGGEUS – **verrassende aankondiging** (sonder dat Jesus of enigeen dit van hom gevra het)
- "helfte vir armes"; "vierdubbeld terug"
- =**wonderwerk! Vergl ryk jongman se reaksie** – 18:22-27
- Gebeur hier: kameel gaan deur naald se oog!
- Ontmoeting met Jesus het Saggeus tot bekering laat kom (**Luther**: 'n Mens se beursie is gewoonlik die laaste van jou wat tot bekering kom!)
- Hy besef hy is nie so skoon en onskuldig soos wat sy naam voorgee nie
- **Sy optrede toon** dat sy berou nie net oppervlakkig is nie; dat Jesus se gesindheid by hom oorgeneem het; dat hy nou met ander oë na mense kyk (metanoia = to change your mind)

JESUS kom ten slotte weer aan die woord **– interpreteer die gebeure**

- Saggeus is gered, opnuut gebore, tollenaar of te nie
- Die mense het vir Jesus verkwalik, maar dit is waarvoor Hy gekom het: om te soek en te red wat verlore is, of dit nou kinders, blindes of tollenaars is (nie motiveringspreker!)

SAMEVATTING: Saggeus wou Jesus graag sien … en sien toe baie meer as wat hy verwag het. Hy sien

- **dat JESUS die Een is wat soek EN DAT Hy jou raaksien al** sit jy in 'n boom … klein … kyk ander op jou neer … staan hulle veroordelend teenoor jou … is jy 'n sondaar
- **dat Jesus jou naam en jou hele lewensverhaal ken en NOGTANS** 'n *verhouding* met jou begeer
- jou wil en kan *vry maak en red*
- nie verwag dat jy eers *ordentlik genoeg* moet word nie
- dat wie 'n persoonlike ontmoeting met Hom het *nie dieselfde mens kan bly* nie omdat jou waardes verander

Saggeus was 'n **geestelike blinde** vir wie Jesus laat sien het

- 'n **soeker** wat deur die Groot Soeker gevind is (Lied 190:2)
- sy soektog het hom in **'n boom** laat beland, Jesus se soektog het Hom aan 'n kruis laat beland
- hy het **ontdek wat genade is**: Anne Lamont *"Ek verstaan nie die misterie van genade nie – behalwe dat genade ons ontmoet waar ons is, maar nie los waar dit ons gevind het nie."*

WAAR herken jy **jou** vandag?

- tussen die **skare** met al hul vooroordele, wat dit vir ander moeilik maak om by Jesus uit te kom?
- In Saggeus **die soeke**r in die boom? *Hoor* dan Jesus se dringende uitnodiging om VANDAG nog na Hom toe te kom. *Aanvaar* God se genade in die *geloof* en leef *dankbaar*.
- In die **bevryde, geredde Saggeus**? *Gee* jy wat jy gee vir die Here en jou naaste *en doen* jy wat jy doen vir die Here en jou naaste met 'n **lekker hart** omdat jy DANKBAAR is en Hy jou anders na mense en goed laat kyk? Die Here wil vir jou en my en ons as gemeente **gebruik in sy soektog** om alle SOORTE mense wat verlore is te red. Mag ons op die pad vorentoe ook bereid wees om die **grense** saam met Hom oor te steek!

Amen
31 Okt 2010

Gesprek: Wat in die preek het jou

- Getroos
- Ongemaklik laat voel
- Inspireer (om wat te doen?)

Gesels oor “grense”

- Genade